Hoërskool
LADYSMITH
High School

1906 - 2006

Posbus 33 / P O Box 33
LADYSMITH
KwaZulu-Natal
3370

Telefoon : (036) 637-7091/2
Telephone : (036) 637-2221/2
Faks/Fax : (036) 637-2531
E-mail : info@lhs.co.za
Website : lhs.co.za

2 Februarie 2018

Geagte Ouers

Hierdie is 'n groot gekompliseerde skool. Om u net naastenby oor skoolaangeleenthede in te lig, verg 'n lang brief soos hierdie. Lees dit asseblief, voltooi die aangehegte vraelys en stuur dan asseblief die dokument saam met u kind terug skool toe.

Vergun my om u langs hierdie weg 'n baie voorspoedige 2018 toe te wens. Mag ons skool-huisvennootskap weer eens vanjaar tot u kind se grootste moontlike voordeel strek.

'n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe graad 8 leerders en ouers/voogde en ook aan al die ander nuwe leerders en hul ouers/voogde. Ons verwelkom al ons "oud-leerders" en ouers/voogde en maak weereens staat op julle ondersteuning in 2018.

Ons wil ook by hierdie geleentheid weereens ons medelye oordra aan die familie en vriende van Zilingene Mazibuko (graad 12 – 2017) wat tragies aan die begin van die jaar in 'n motorongeluk omgekom het.

<u>Die 2017 Matriekuitslae</u>

Hiermee die persverklaring oor ons matriekuitslae:

Ladysmith High School congratulates the class of 2017 on their excellent achievement of a 98.17% pass while at the same time honouring all the educators who contributed to their entire school career. We especially thank our staff for the conscientious dedication with which they have prepared these learners for the final NSC examination and their future.

A total of 164 candidates wrote the NSC examination. More than 200 subject distinctions were achieved. A total of 134 learners (83%) qualified for admission to a Bachelor's degree.

Our top achievers with 7 A symbols each were:

1. DANIëLLE GOUWS
2. NONSIKELELO GWALA (4TH in District)
3. MOHAMMED JAMIL (2ND in District)

4. SAYASH RAMPERSAD

Other achievers are:

1. PRYASKA GOORHOO (6 A symbols)
2. LUYANDA MNCUBE (6 A symbols)
3. SHANEL RANJITH (6 A symbols)
4. SHIVEK GOODOON (5 A symbols)
5. MELEZA JALI (5 A symbols)
6. CORNé JOOSTE (5 A symbols)
7. AMINA KHAN (5 A symbols)
8. TINOTENDA MAGORA (5 A symbols)

I hereby extend my thanks and sincere congratulations to everyone who contributed to our exceptional results; learners, parents and all staff members. True to our motto - Per Ardua Ad Alta – academic heights can only be achieved through hard work.

Harde werk bly nog die beste resep vir sukses, soos onderskryf deur ons leuse – Per Ardua Ad Alta – deur harde werk en volharding word hoogtes bereik.

Hoë akademiese standaarde hou natuurlik nou verband met algemene skooladministrasie en dan in die besonder ook met die handhawing van streng, regverdige en konsekwente dissipline en dit is veral hier waar ons hande moet vat en mekaar moet ondersteun.

Terwyl dit ‘n allesomvattende beleid behels, word enkele aspekte daarvan uitgesonder wat ek graag onder u aandag wil bring:

1. **Die Nasionale Onderwysdepartement** skryf voor dat leerders ‘n minimum aantal ure per week onderrig moet ontvang. As gevolg daarvan moet leerders teen **7:20** by die skool wees en die skooldag duur tot 14:30.

   Terwyl die skool op Vrydae dus ook om **14:30** sluit, bestaan daar goeie rede (soos ook deur die gedragskode bepaal) dat al daardie leerders wat gedurende die week getrou gewerk het, om 13:00 kan vertrek. Leerders wat om watter rede ookal vir detensie gestuur word, óf wat bepaalde akademiese werk nie gedurende die week bemeester of afgehandel het nie, sal Vrydae tot 14:30 of langer by die skool bly. Daar kan van die hele skool verwag word om op kort kennisgewing later te bly om sodoende rommel op te ruim wat op die terrein gestrooi is.

   Indien ons elke weeksdag om 14:30 en Vrydae om 13:00 sluit, is ons onderrigtyd oor sewe dae steeds meer as wat departementeel voorgeskryf word.

2. **Tydens die Algemene Jaarvergadering van ouers op 28 November 2017 is die Resolusie aanvaar dat die verpligte skoolgeld vir 2018 R10 800 per leerder sal beloop**. Ons matriekuitslae bevestig dat u werklik waarde vir u geld kry. Let asseblief op die volgende:

2.1 Ons kan die skoolgeld slegs laag hou indien **almal** wat dit enigsins kan bekostig, dit wel betaal.

2.2 Indien die skoolgeld volledig voor die einde van die kwartaal betaal is, sal ‘n korting van R600 per leerder gegee word. Andersins kan die skoolgeld in 10 gelyke paaiemente van R1080 elk vanaf 31 Januarie tot 31 Oktober betaal word. **Let wel**: **Hierdie vergunning sal outomaties verval as ‘n betaling nie op die voorgeskrewe betaaldatum gemaak word nie en die volle uitstaande balans sal dan onmiddellik betaalbaar wees.**

2.3 Ons wil u graag daaraan herinner dat, volgens Artikel (41) van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, u geregtig is om aansoek te doen vir vrystelling van die betaling van skoolgeld. Indien u vir vrystelling wil aansoek doen, omdat u nie die skoolgeld kan bekostig nie en bewys daarvan kan lewer, kan u die nodige dokumente by die skool se administratiewe kantoor afhaal. Verskeie ouers word op hierdie wyse gehelp. **Hierdie aansoeke moet voor die einde van Februarie 2018 gerig word.**

2.4 Let asseblief daarop dat die Beheerliggaam **mnr D Terblanche** as kredietkontroleerder aangestel het, om u saak **vertroulik** te hanteer. Die Skoolhoof is **nie** by die invordering van skoolgeld **of** die toestaan van subsidies betrokke nie.

Hoërskool Ladysmith het die betaling van skoolgeld vergemaklik. Die skoolbeheerliggaam het ‘n kaartmasjien in gebruik geneem. Met dié stelsel hoef ouers nie met groot bedrae geld skool toe te kom nie. Betaling kan nou met ‘n kaart plaasvind en daar is voorsiening gemaak vir krediet- en debietkaarte. Ons sal egter verkies dat daar van ‘n debietorder of elektroniese oorbetaling (EFT) gebruik gemaak word om sodoende op bankkoste te bespaar.

2.5 **<u>SKOOLBOEKE 2018</u>**

Ons bevestig dat die aankoop van skoolboeke elke ouer se verantwoordelikheid is en bly. **NB. Waar die staat wel in ‘n bepaalde graad ‘n finansiële bydrae vir boeke maak, sal hierdie geld steeds tot die uitsluitlike voordeel van al die leerders aangewend word.** Elke leerder het ‘n lys van handboeke en skryfbehoeftes vir 2018 ontvang. Enige nuwe voorgeskrewe handboeke word deur die skool bestel en vakonderwysers sal dit in die spesifieke klasse verkoop of uitgee op ‘n bruikhuur stelsel. Leerders sal nie hierdie benodighede by ander leerders mag **leen** nie. Eiendom moet asseblief **duidelik** gemerk wees. Ouers wat nie ‘n boek of ander hulpmiddels kan **bekostig** nie, moet asseblief soos in die geval van subsidiëring van skoolgeld, skriftelik en vertroulik om finansiële hulp by mnr Terblanche aansoek doen. **Geen** leerder sal om finansiële redes van die gebruik van boeke, ens. uitgesluit word nie.

Die Beheerliggaam het ook besluit om elke leerder weer vanjaar te versoek om **twee riem afrolpapier** (dit wil sê twee pakke van 500 velle van 80 gram papier) voor die einde van Februarie aan die skool te skenk.

3. **Die toets- en evalueringstelsel vir 2018**.

Gedurende elke toetssiklus sal die toetse gedurende die eerste uur van elke dag afgelê word, waarna 'n kort pouse en die res van die skooldag sal volg.

Eerste kwartaal:	Toetssiklus: Maandag, 12 Maart tot Vrydag, 16 Maart.
Tweede kwartaal:	Eksamen: Maandag, 11 Junie tot Donderdag, 21 Junie.
Derde kwartaal:	Toetssiklus: Maandag, 10 September tot Vrydag, 14 September. Matriekproefeksamen: Maandag, 10 September tot Woensdag, 26 September.
Vierde kwartaal:	Eksamen: Sal nog bevestig word. Graad 12 NSS eksamen begin Maandag, 15 Oktober 2018 tot 26 November 2018

4. **Dissiplinêre aangeleenthede**

4.1 Die gedragskode van Hoërskool Ladysmith is hersien en in 'n groot mate herskryf om die praktiese toepassing daarvan te vereenvoudig. Die Suid-Afrikaanse Skolewet, wet 84 van 1996, soos gewysig, bepaal dat ouers, onderwysers en leerders by die opstelling of hersiening van 'n skool se gedragskode, gekonsulteer moet word. Omdat dit 'n lywige dokument is, kan dit nie, met hierdie doel voor oë, aan elke ouer gestuur word nie. Dit is egter by die skool beskikbaar, waar u dit gedurende kantoorure kan kom besigtig. Die beheerliggaam beplan om dit tydens die eerste vergadering vanjaar goed te keur.

Elke leerder het ook die etiese kode en bylae tot vorme van ernstige wangedrag onderteken. Die ondernemings sal streng toegepas word. Afskrifte is hierby aangeheg.

'n Paar aspekte en bepalings van die gedragskode word hier uitgelig:

4.2 Indien 'n leerder nie 'n werksopdrag vir bepunting op die bepaalde dag en tyd inlewer nie, sal 5% onmiddellik verbeur word en sal die leerder dieselfde opdrag die volgende dag moet inlewer.

4.3 Indien 'n leerder weens ernstige wangedrag uit enige klas uitgestuur word, **moet** daardie leerder die volgende oggend in die personeelkamer verskyn. Indien 50% +1 van die personeel wat vir hom of haar skoolhou, dan aandui dat hy of sy ook ernstige gedragsprobleme in hul klas openbaar, sal die ouers na die skool ontbied word en sal die leerder vir 'n tydperk van drie dae op grond van die afkoelbeginsel (time-out), aan die ouer se sorg oorgedra word. Die bedoeling is dat die ouer dan op 'n een-tot-een-basis die nodige opvolgwerk tuis doen, sodat dit vir die onderwyser **daarna** moontlik sal wees om op 'n

een-tot-35-basis met doeltreffende onderrig te kan voortgaan. Geen leerder het die reg om, deur wangedrag, ander leerders van **hul** grondwetlike reg op onderwys te ontneem nie.

4.4 Indien ‘n leerder laat vir skool is (sonder ‘n wettige/of aanvaarbare rede) sal ‘n boete van R10 gehef word of die opsie gegee word om detensie op die eerste Vrydag na die oortreding te sit. Detensie sal outomaties volg op ‘n tweede oortreding en op ‘n derde oortreding sal ‘n waarskuwingsbrief aan u as ouer gestuur word asook met die versoek om u kind die volgende dag na die skool te vergesel. Die graadhoof sal na redes luister en dan ook bepaal of die straf regverdig is al dan nie. Die hekke om die skool word om 7:30 gesluit en indien ‘n leerder laat vir skool is moet hy/sy by die hoofingang by die graadhoof op diens aanmeld of by die voorste kantoor.

4.5 U moet die skool asseblief skakel as u kind om **watter rede ookal** op ‘n bepaalde dag afwesig is. Verder moet u asseblief ‘n verduidelikende **brief** skryf wat u kind by sy of haar terugkeer aan die registeronderwyser **moet** ingee. ‘n Voorbeeld van so ‘n brief is by die registeronderwyser beskikbaar. Daarsonder sal hy of sy detensie as straf kan kry. Ongelukkig is daar leerders wat bloot van die skool afwesig is – dikwels terwyl ouers glo dat die kind wel by die skool is. As u nie skakel nie, gaan die betrokke departementshoof u moet skakel.

4.6 **<u>Algemene voorkoms</u>**

Die ouers van hierdie skool het oorweldigend ten gunste van ‘n bepaalde LHS skooldrag en ‘n algemene voorkomsbeleid van leerders gestem, wat deur die Beheerliggaam goedgekeur en deur die Skoolhoof en personeel toegepas word. **Enige** afwyking van die skooldragreëls sal **altyd** tot konflik lei, wat werklik onnodig is. Die goue reël is dat **geen leerder toegelaat kan word om met die verbreking van skoolreëls weg te kom nie**, anders sou ‘n duisend ander leerders dan ook só ‘n reg hê. Geen individuele ouer hoef noodwendig met die skooldragreëls saam te stem nie – dog u is **wetlik** verplig om toe te sien dat u **kind** wel daarby hou. Om ‘n paar voorbeelde te noem:

4.6.1 Daar is duidelike reëls oor hoe seuns en dogters hul hare mag dra. Dit is die eindresultaat van onderhandeling ook met die leerders en sal sonder verdere onderhandeling net toegepas word.

4.6.2 Indien ‘n leerder na ‘n waarskuwing steeds nie aan die voorkomsreëls voldoen nie, sal die ouer geskakel word om die leerder by die skool te kom haal. Dit geld ook vir seuns wat ongeskeerd by die skool opdaag.

4.7 **<u>Fisiese</u> <u>geweld,</u> <u>afknouery</u>** (‘n geboelie) en die **ineenstorting van dissipline** hou vir enige skool, en meer spesifiek ‘n veelrassige skool, groot bedreiging in. Al die leerders is reeds tydens ‘n saalbyeenkoms by wyse van ‘n geel en rooi kaart gewaarsku dat **geen** vorm van geweld op hierdie skoolterrein, of in skooldrag buite die terrein, geduld sal word nie. Die leerder wat die eerste hou slaan, pleeg terselfdertyd LHS-selfmoord. Skoolhoofde het vanaf die hoogste vlak opdrag gekry om hierdie euwel uit te roei en skuldiges kan geskors word. **Geen leerder mag die reg in eie hande neem nie**. Daar sal vanselfsprekend ook teen leerders opgetree word wat ander sodanig teister dat dit op geweld uitloop. Die veiligheid van elke leerder op hierdie terrein is

die Skoolhoof se **<u>eerste</u>** verantwoordelikheid en hierin het hy elke ouer se ondersteuning nodig.

4.8 Laastens het ons ook u ondersteuning nodig om te voorkom dat leerders sekere verbode artikels skool toe bring. Die gedragskode bepaal dat: ‘n leerder van Hoërskool Ladysmith onder geen omstandighede **sigarette** of enige ander rookgoed, **alkoholiese drank**, **dwelmmiddels**, **pornografiese materiaal** of **gevaarlike wapens** op die skoolterrein mag bring of gebruik nie, of dit in skooldrag buite die skoolterrein mag gebruik nie ....”. Die gedragskode bepaal verder: “**’n Leerder mag nie ‘n selfoon gedurende normale skoolure op die skoolterrein vertoon of gebruik nie**”.

‘n Leerder wat byvoorbeeld rookgoed skool toe bring, word met R100 beboet. Die skooltoe bring van alkoholiese drank of dwelms sal met geen genade by hierdie skool begroet word nie en dit het in enkele gevalle in die verlede tot onmiddellike skorsing gelei.

Die moderne selfoon se gebruiksmoontlikhede is werklik legio. ‘n Leerder kan pornografiese materiaal van die ergste soort via ‘n selfoon by die skool op ander leerders se selfone oordra. Facebook voorsien nog ander moontlike maniere van kommunikasie. Leerders kan selfs tydens ‘n periode en teen baie lae koste, met vriende in gesprek wees. Personeel kan totaal onbewus daarvan wees. Leerders kan selfs gebeure binne die klaskamer verfilm en sodoende die onderwyser se professionele domein ernstig skend en selfs op Facebook plaas. Enige vorm van kuber-wangedrag sal nie geduld word nie.

Die goue reël is dus dat **geen** leerder ‘n selfoon skool toe mag bring nie. Indien u as ouer om watter rede ookal wil hê dat u kind voor óf na skool ‘n selfoon **moet hê**, moet die selfoon dan gedurende die registerperiode ingegee en weer aan die einde van die dag afgehaal word.

5. **<u>Graad 8-oueraand</u>**

Alle graad 8-ouers, tesame met u kind, word vriendelik uitgenooi na ‘n verpligte oueraand op Maandag, 5 Februarie 2018 om 18:00. By die geleentheid sal skoolsake rakende u en u kind bespreek word.

6. **<u>Personeelaangeleenthede:</u>**

Drie nuwe personeellede nl. Me C Oelofsen, Me N Rasool Khan en Mev T Sader het by ons aangesluit. Ons verwelkom hulle by Hoërskool Ladysmith.

7. **<u>Sport</u>**:

Ons swemgala en atletiekbyeenkoms het alreeds plaasgevind. Items wat nog nie plaasgevind het nie sal nog afgehandel word. Die prysuitdeling sal tydens ‘n saalbyeenkoms plaasvind.

8. **<u>CANSA – Aflos</u>**

Die 12-uur aflos ten bate vir fondsinsameling vir kankernavoring sal op Saterdag, 3 Maart 2018, by LHS gehou word. Hou die pers dop en meer

inligting sal op www.relayforlife.org.za verskyn. Spanne kan uit 10 of meer lede bestaan.

9. **Skool besoeke**

Ouers word daaraan herinner om die protokol te volg indien hulle die skool wil besoek om sake rakende hul kind te wil bespreek. Afsprake moet gemaak word om ten eerste die graadhoof te sien. 'n Ouer kan dus nie net onaangekondig by die skool opdaag of na 'n kind se klas te gaan nie. Ouers moet daarop let dat sulke maatreëls in plek is om die veiligheid van hul kinders te verseker en om onderrigtyd te respekteer.

10. **Skoolbeheerliggaam verkiesing 2018**

Die belangrike verkiesing van skole beheerliggame sal in die maand van Maart 2018 plaasvind. Die voorgestelde datums vir die verkiesing by Hoërskool Ladysmith is Dinsdag, 6 Maart 2018 (eerste datum) en Dinsdag, 13 Maart 2018 (tweede datum)

11. Ons wil ouers graag daaraan herinner om ons webtuiste by www.lhs.co.za te besoek vir al die nuutste inligting rakende die skool.

Die LHS skip is weer op die water en Hoërskool Ladysmith wil as 'n wenskool voortbou op sy prestasies. Dit kan slegs plaasvind met ouerondersteuning en u kind se positiewe gedrag. Hoërskool Ladysmith is ook daartoe verbind om 'n waardegedrewe skool te bly. Elke ouer, leerder en personeellid moet kennis dra van die inhoud van ons gedragskode. Waardes lei tot 'n gesonde leeromgewing en dit lei weer tot akademiese sukses, wat vaardighede ontwikkel wat 'n mens lewenslank sal bybly.

Hartlike LHS-groete.

MNR JC PIETERSE
SKOOLHOOF

Voltooi asseblief hierdie vraelys en besorg dit via u kind aan die registeronderwyser terug: DIT IS BAIE BELANGRIK DAT <u>ALBEI</u> OUERS DIE VORM TEKEN.

Ek/Ons (titel voorletters en van) .....ouer(s)*[1] van

..... in graad.....en

.....in graad.....en.....in

graad ..... is vertroud met die inhoud van hierdie brief gedateer 2 Februarie 2018

*[1] (Indien u nie die ouer is nie, verduidelik asseblief).

My/Ons kontaknommers is:

<u>Vader</u>:	<u>Moeder</u>:
Tuis:	Tuis: .....
Werk:	Werk: .....
Selfoon:	Selfoon: .....
e-pos:	e-pos: .....

My/Ons fisiese adres is: My/Ons posadres is:

Poskode	Poskode

Ek/Ons sal die skoolgeld soos volg betaal: *[2] (R10 800 per leerder per jaar)

1. Voor 31 Maart 2018 om sodoende R600 afslag te kry. ☐

2. Voor die einde van elke maand tot einde Oktober. ☐

3. Wil graag van 'n aftrekorderstelsel gebruik maak. ☐
   Bankbesonderhede is soos volg:
   Bank: Nedbank
   Rekeningnommer: 1330067347
   Takkode: 133025

4. Wil onvermoë om te betaal skriftelik bewys deur 'n aansoekvorm vir subsidie te voltooi. (Subsidie vorms is in die voorste kantoor beskikbaar) ☐

*[2] √ waar van toepassing.

Geteken: 1. ..... Datum: .....

2. ..... Datum: .....